MEDIAVRYSTELLING

USB
Universiteit van Stellenbosch Bestuurskool

Datum: Woensdag, 3 Junie 2009

Embargo: Geen – vir onmiddellike gebruik

Begin

Sosiale entrepreneurskap word opsie in swaar tye, hoor die USB

Die stand van die ekonomie is 'n daaglikse bron van kommer. Pryse styg, maatskappye moet noodgedwonge personeel aflê, werkspanne krimp en werkloosheid neem toe.

Hierdie omstandighede dwing talle mense om hul persoonlike talente en vaardighede meer kreatief aan te wend. Die vraag ontstaan egter: Hoe kan sosiale entrepreneurs 'n volhoubare onderneming opbou tot voordeel van die armes?

Dr Elbé Coetzee en haar seun Will, 'n MBA-student in sy finale jaar by die Universiteit van Stellenbosch Bestuurskool (USB), het sosiale entrepreneurskap ingespan om 'n familieonderneming, Mogalakwena Craft Art (MCA), oor 'n tydperk van 15 jaar in 'n volhoubare onderneming te omskep.

Hulle het Vrydag (29 Mei 2009) 'n gehoor van bestuurders, MBA-studente en alumni by die USB se gereelde *Leader's Angle*-aanbiedings toegespreek oor hoe hulle 'n volhoubare onderneming opgebou het tot voordeel van 'n arm gemeenskap in Limpopo.

Voordat Will met sy MBA begin het, het die MCA 'n patroon van "organiese" groei gevolg. Nou pas hy sakebeginsels toe wat versigtig beplan word. "Ons strategiese fokus is maatskaplike ontwikkeling. Ons moes eers kyk hoe die vraag na kunshandwerk lyk," sê Will. Hy het toe besluit om 'n *Blue Ocean*-strategie toe te pas wat gebaseer is op 'n boek deur W Chan Kim en Renée Mauborgne. In hierdie konteks beteken die blou oseaan 'n onbetwiste markruimte pleks van mededinging in 'n "rooi oseaan" met talle mededingers.

Will se *Blue Ocean*-strategie kyk na die belangrikste strategiese temas wat die skep van groter koper-gedefinieerde waarde behels terwyl kostefaktore terselfdertyd verlaag moet word. "Ons wil hê mense moet die ervaring koop, nie net die produk nie," verduidelik hy.

Dr Elbé Coetzee het die maatskappy in 1994 begin in 'n landelike dorpie in Limpopo waar die Pedi-mense woon. Haar passie en liefde vir kunshandwerk het haar gemotiveer om navorsing te doen oor hoe sy haar eie kunshandwerkonderneming op die been kon bring.

"Ek wou weet waarom sekere kunshandwerkondernemings misluk terwyl ander suksesvol is. Die werkloosheidsyfer van 60% in die Limpopo-provinsie kom ooreen met die MIV/vigs-syfers. Ek het ook gekyk na ernstige kwessies ten opsigte van die swak verskaffing van goedere aan die provinsie. Dit het my laat besef dat ek 'n beter benadering nodig het om die armes te help," sê sy.

Dr Coetzee se navorsing het haar aangemoedig om spesifiek maatskaplik- en omgewingsverantwoordelike idees in produkte te omskep.

"Toe ek hierdie maatskappy begin het, het ek nie 'n visie gehad nie – maar wel die passie," voeg sy by. Nou is haar visie om werkgeleenthede te skep, en om kinders se vaardighede te koester en te ontwikkel.

Die naam Mogalakwena beten vurige krokodil. Dit is ook die naam van die rivier waarlangs die 23 permanente personeel en hul gesinne woon, sê sy. Maar alles is nie rooskleurig nie, en werkgewers en werknemers moet deurlopend kommunikeer. "Ons sleutelwaardes is agting en respek vir mekaar, en om ons uitdagings en probleme met vindingrykheid aan te pak. Só kan ons probleme self onder mekaar oplos," sê dr Coetzee.

MCA het ’n nederig begin gemaak toe vyf vroue permanent in 1995 aangestel is. ’n Navorsingsentrum is in 2006 geopen om op navorsingsprojekte klem te lê. Werkwinkels word gereeld gehou om lede van die gemeenskap met lewensvaardighede soos noodhulp, vigs-bewustheid en rekenaargeletterdheid toe te rus.

Vandag vorm MCA se kunshandwerk deel van permanente versamelings en galerye in Suid-Afrika en oorsee. MCA het ook sy eie galery in Kaapstad en is geakkrediteer om kunshandwerk vir die 2010 Sokkerwêreldbeker te verskaf.

“Ons moes dit vir onsself ontwikkel en ervaar. Dit was nie ’n idee wat elders gekonseptualiseer is nie,” sê dr Coetzee. Sy beklemtoon ook die feit dat “bemagtiging ’n tweerigtingproses” is.

Die USB se *Leader’s Angle*-aanbiedings oor alle aspekte van leierskap, wat in samewerking met *Finweek* aangebied word, is ’n uitvloeisel van die USB se sterk klem op leierskapontwikkeling in sy MBA, sy bestuursprogramme en sy navorsing oor leierskap.

Einde

Foto-onderskrif:

By die USB se *Leader’s Angle*-aanbieding: Die sprekers, dr Elbé Coetzee en haar seun Will, eienaars van Mogalakwena Craft Art (MCA), saam met prof Marius Ungerer wat strategiese bestuur by die USB doseer, en David Katerere, ’n wetenskaplike van die Mediesenavorsingsraad.

Uitgereik deur: Afdeling Bemarking en Kommunikasie
Universiteit van Stellenbosch Bestuurskool

Navrae:
Marietjie Wepener
Tel: 021-918-4224; faks: 021-918-4468 / 78
E-pos: mwep@usb.ac.za
Webwerf: www.usb.ac.za

Clayton Swart
Tel: 021-918-4388; faks: 021-918-4468 / 78
E-pos: claytons@usb.ac.za